


## ŉ Geskenk vir u

Die oproep, waarvoor almal gehoop en tog gevrees het, het om 2-uur die nag gekom. "Ons het ŉ hart vir Jakob*", sê die stem. Almal het gehoop vir hierdie oproep, want die 12-jaar-oue Jakob was reeds lank op die oorplantingswaglys. Sy toestand sou binnekort so agteruitgaan dat hy nie meer as kandidaat vir die hartoorplanting oorweeg sou kon word nie. Dan sou sy naam van die lys verwyder word – asook die laaste bietjie hoop. Op hierdie dag sou Jakob en sy gesin egter ŉ ongelooflike geskenk ontvang – die geskenk van ŉ nuwe hart, die geskenk van ŉ nuwe lewe.

Die Bybel sê ons almal se toestand is nog meer desperaat as Jakob sŉ. Meer as net hierdie lewe is op die spel. Ons verdien die ewige dood, want die "loon van die sonde is die dood" (Romeine 6:23) en "almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Romeine 3:23). Wanneer ons die oorspronklike Grieks in hierdie teksvers verstaan, besef ons hoe wanhopig ons toestand werklik is. Die Grieks vir "ontbreek aan" dui op ŉ aanhoudende aksie – ons bly in gebreke.

Wanneer dit goed gaan, is dit maklik om onsself te oortuig dat ons eintlik goeie mense is - nie volmaak nie, let wel, maar nie regtig sleg nie. Dan kry die buurman die bevordering en verhoging waarvoor ons gehoop het of hy koop ŉ nuwe motor en ons ontdek afguns in ons harte. Ons sien ŉ bekoorlike model of aktrise en wonder. . . wel, laat ons net sê, wellus maak sy verskyning. Miskien draai ŉ motor in druk verkeer voor ons in en ons ervaar ŉ vlaag van woede wat ons verras. Hoe eerliker ons ons lewe ondersoek, hoe meer besef ons ons sondigheid.

ŉ Jong ateïs en professor van Oxford vertel van sy ondervinding: "Vir die eerste keer doen ek ŉ ernstige, praktiese selfondersoek. Toe ontdek ek goed wat my geskok het – vieslike wellus, kranksinnige ambisie, geheime vrese en ŉ harem van gekoesterde haat. My naam was legio." (Vry vertaal uit CS Lewis se *Surprised by Joy*). Al hierdie sondes, sê hulle, kom uit ons sondige harte. "Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is" (Lukas 6:45). Ons sondige harte versteek inderdaad ons sondigheid van ons, want "bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit" (Jeremia 17:9).

Ons, net soos Jakob, kom agter dat die bron van ons probleem ons harte is. Ons gaan nie beter word nie. Geen dieet of behandeling sal ons help nie. Ons gebrekkige harte moet vervang word, so nie sal ons sterf. Jakob moes sy naam op ŉ lys laat sit en wag. Geen geld kon koop wat hy nodig gehad het nie. As niemand hom ŉ hart kon gee nie, sou hy sterf.

Ons geval is soortgelyk, maar in hierdie hopelose situasie het die Bybel vir ons wonderlike nuus. Dit verseker ons dat so ŉ geskenk beskikbaar is: "En ek sal julle ŉ nuwe hart gee en ŉ nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ŉ hart van vlees gee" (Esegiël 36:26).

Nog beter, daar is geen waglys nie. Hierdie vervangingshart is onmiddellik beskikbaar. Sodra dit ons eie hart vervang, sal ons nie net aanhou leef nie, maar ook ŉ lewe van voortreflike gehalte kan lei.

Jakob se gesin was doodbang vir die oproep, want die prosedure het ernstige risiko's ingehou. Voor die gesonde hart ingeplant kon word, moes Jakob se eie hart verwyder word. Sodra die operasie begin, sou daar geen omdraaikans wees nie. Met al hierdie gedagtes in hul agterkoppe, het Dale en Rosa hulself en Jakob in die donker ure van die nag vir die beslissende reis na die hospitaal voorberei. Toe hulle daar aankom, kyk hulle hoe hul seun op ŉ draagbaar weggestoot word.

Ons moet ook ŉ soort van dood sterf. Net soos Jakob chirurge moes toelaat om sy eie hart voor die oorplanting te verwyder, so moet ons ons natuurlike harte prysgee. Ons moet erken dat ons meer as ŉ opknapping hier en daar nodig het, meer as ŉ geringe verstelling of regstelling. Ons moet radikale chirurgie ondergaan. Niks anders sal deug nie.

Hierdie skrikwekkende risiko is een van die redes waarom Jakob en sy ouers die oproep oor ŉ beskikbare hart gevrees het. Hoewel Jakob se ouers verheug was oor die geleentheid vir ŉ beter lewe vir hul seun, het ŉ ander, meer somber werklikheid tot hulle deurgedring. Hulle het besef dat dieselfde gebeurtenis wat húlle nuwe hoop sou gee, die hoop van ŉ ander gesin sou verpletter. Jakob se kans om te lewe, het iemand anders se lewe gekos.

Ons geleentheid vir ŉ geestelike hartoorplanting, vir verlossing van sonde, vir ŉ beter lewe nou hier en die ewige lewe hierna, het ook iemand se lewe gekos. "Maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Romeine 5:8). Let op, Christus het nie vir ons gesterf "toe ons waardig," of "toe ons God se wet volmaak gehoorsaam," of selfs "toe ons van ons behoefte bewus geraak het nie," maar "terwyl ons nog sondaars was."

Sonder ŉ oorplanting sou Jakob se hart net verder versleg. Sy dringende behoefte het hom vir ŉ nuwe hart in aanmerking gebring. Hy was van iemand anders afhanklik om vir hom ŉ gesonde hart te gee. Geen harte was te koop nie en as hulle was, kon hy en sy gesin dit nie bekostig nie. Weereens, dieselfde geld vir verlossing: "Want die loon van die sonde is die dood; maar die genadegawe van God is die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here" (Romeine 6:23). Dieselfde vers wat ons oor die dood waarsku, kondig ook die geneesmiddel as geskenk aan.

Hierdie nuwe hart - die grootste, waardevolste geskenk denkbaar - kan u sŉ wees. U naam hoef nie gelys te word nie. U hoef nie te wag nie. U kan dit sommer dadelik kry, vra net. U het die stappe gesien. Erken net u behoefte, bely dat u hierdie nuwe hart dringend nodig het en vra die Here om dit vir u te gee. Daar is geen towerformule of spesifieke woorde nie. Vra maar net.

Jakob was verheug oor sy suksesvolle oorplantingsoperasie. Hy het nie net ŉ nuwe hart gekry nie, maar ook ŉ nuwe lewe. Nou moes hy leer hoe om daardie nuwe lewe te lei. Wanneer u ŉ nuwe hart ontvang, sal u ook moet leer hoe om ŉ nuwe lewe te lei. God voorsien die kerk - ŉ gemeenskap van mense soos u wat nuwe harte ontvang het - om u te help leer om ŉ nuwe lewe te lei. Geniet die geskenk!

*Alle name is verander.
Skrifaanhalings uit Die Bybel, in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.
Voorblad ©www.unsplash.com

GEE LIG AAN ONS WÊRELD

**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: www.hopetv.org/glow

HopeChannel Kyk Hope-Kanaal op u TV 0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA
**africa.glowonline.org**